He loves me, he loves me not

Karakters: Lizzy, Stoffel en Wysneus

Lizzy: Nobody loves me, everybody hates me, I'm gonna eat some worms...
Stoffel : Haai Lizzy, wat lyk jy so hartseer?
Lizzy: Hallo Stoffel, hoe weet jy ek is hartseer?
Stoffel : Want jy lyk of die honne jou kos afgevat het en jy sing asof jy begrafnis hou.
Lizzy: Ja, ek is baie hartseer.
Stoffel : Hoekom dan?
Lizzy: Want Jesus is nie meer lief vir my nie.
Stoffel : Nie?!
Lizzy: Nee.
Stoffel : Hoe kan jy so sê, Lizzy, ek is seker daarvan Hy is nog lief vir jou... Hy is dalk die enigste ene, maar...
Lizzy: (Huil) Want Hy't nie vir my 'n Valentynskaartjie gegee nie.
Stoffel : 'n Watse treinkaartjie?
Lizzy: 'n Valentyn!
Stoffel : Waarheen gaan die trein?
Lizzy: Nie 'n trein nie, Stoffel! 'n Kaartjie vir Valentynsdag!
Stoffel : Valentynsdag? Wat is dit?
Lizzy: Dis wanneer mens kaartjies gee as jy lief is vir iemand... en partykeer sommer sjokolade ook.
Stoffel : En Jesus het niks vir jou gegee nie.
Lizzy: Nee, so Hy is nie meer lief vir my nie.
Stoffel : Lizzy, ek wil nou nie snaaks wees nie, en ek is seker nie die slimste ou wat daar is nie, maar ek het nog nooit gehoor dat Jesus treinkaartjies gee as Hy lief is vir iemand nie.
Lizzy: Valentyn!
Stoffel : Selfde ding. Wat dink julle maats, dink julle ook Jesus is nie meer lief vir Lizzy nie, omdat Hy nie vir haar 'n ...Walle...treinkaartjie gekoop het nie? Nee, sien jy Lizzy, die maats dink ook ek is reg.
Lizzy: Nou hoe weet ek dan of Jesus lief is vir my?
Stoffel : Jy moet 'n blommetjie vra.
Lizzy: 'n Blommetjie?
Stoffel : Ja, ek het gesien as my sussie wil weet of 'n "boyfriend" van haar hou dan vra sy 'n blommetjie.
Lizzy: Hoe doen sy dit?
Stoffel : Sy pluk die blommetjie se blaartjies so een vir een af en dan sê sy: He loves me... he loves me not... he loves me... he loves me not... En die laaste blomblaartjie sê dan of dit 'loves', of 'not' is.
Lizzy: Maar Stoffel dan moet ons 'n blommetjie soek sodat ek haar kan vra of Jesus vir my lief is.

(Hulle soek 'n blom en begin dan die blaartjies uitpluk.)

Lizzy en Stoffel saam: He loves me... he loves me not...

(Wysneus op.)

Kopiereg: Danie Matthee (2011)

Wysneus: Hallo Lizzy, hallo Stoffel, wat maak julle?
Lizzy: Moenie nou met ons praat nie Wysneus, jy maak ons deurmekaar.
Wysneus: Verskoon my, ek stel maar net belang.
Lizzy: Sjuut! Laat ek net eers klaar maak.
Wysneus: Waarmee?
Stoffel : Met "he loves me, he loves me not".
Lizzy: Stil! Nou kan ek nie meer onthou waar ek was nie! Was die laaste blaartjie 'n "love" of 'n "not"?
Stoffel : Nee gaats, ek is ook nou skoon deurmekaar. Maats, weet julle waar ons was?
Wysneus: Terwyl julle nou in elk geval onderbreek is... vertel my nou eers mooi wat hier aangaan.
Stoffel : Lizzy wil weet of Jesus lief is vir haar, want Hy't nie vir haar 'n treinkaartjie gekoop nie.
Lizzy: Valentynskaartjie. In elk geval nou vra ons die blommetjie om vir ons te sê.
Stoffel : Ja. So: He loves me... He loves me not...
Wysneus: Is julle nou heeltemal laf! Dis nie nie hoe mens weet of Jesus lief is vir jou nie.
Lizzy: Nie?
Wysneus: Nee, natuurlik nie. Dis soos "*eentjie, peentjie, ponkie*" speel met God se liefde.
Stoffel : O gaats, dit klink nie goed nie.
Lizzy: Maar hoe gaan ek weet?
Wysneus: Maats, wat dink julle? Hoe weet 'n mens of Jesus lief is vir ons? Ja natuurlik, dis reg. Die kruis wys dit vir ons.
Stoffel : Watter kruis?
Wysneus: Jesus se kruis.
Lizzy: Die een waaraan Hy gesterf het op Golgota?
Wysneus: Die einste. Ons hoef nie blommetjies seer te maak en kaartjies te kry om te weet Jesus is lief vir ons nie, ons weet dit omdat Hy in ons plek aan die kruis van Golgota gesterf het.
Stoffel : Ja... as Hy nie baie lief was vir ons nie, sou Hy nie dit gedoen het nie.
Lizzy: Sjoe, maar dan is Jesus sommer baie, baie, baie...
Stoffel : BAAAAIE!
Lizzy: Lief vir my.
Wysneus: Presies. Nou's jy in die kol.
Lizzy: Wonderlik!
Stoffel : En dan is Hy mos lief vir my ook?
Wysneus: Ja Stoffel, vir jou ook. Jesus is lief vir ons almal. En hoe weet ons dit?
Lizzy en Stoffel saam: Want hy het in ons plek aan die kruis gesterf!
Wysneus: Ja!
Lizzy: Fantasties! Kom ons sing 'n liedjie oor Jesus se liefde.
Stoffel : Ja, 'n liefdesliedjie!

(Hulle sing: 'Die liefde van Jesus is wonderbaar' of iets soortgelyks.)

Kopiereg: Danie Matthee (2011)